Wes-Kaapse Provinsiale Parlement
Western Cape Provincial Parliament
IPalamente yePhondo leNtshona Koloni

PROSEDUREREËLS

FEITEBLAD 3

HERSIENING 1, 4 JULIE 2016

Ingevolge artikel 23 van die Grondwet van die Wes-Kaap kan die Provinsiale Parlement "sy eie interne reëlings, verrigtinge en prosedures bepaal en beheer; en reëls en orders betreffende sy werksaamhede maak …". Sodoende skep die Provinsiale Parlement vir homself 'n raamwerk waarbinne hy aan sy grondwetlike funksies uitvoering gee.

Die gesag van parlementêre prosedure word aan die volgende bronne ontleen:

- Praktyk;
- Staande reëls en orders;
- Beslissings van die Stoel; en
- Statute.

Praktyk

Praktyk word deur die Parlement self geskep en kan omskryf word as daardie gedeelte van prosedure wat spontaan in die loop van sittings van die Huis ontstaan. Praktyk ontwikkel na aanleiding van presedente en dit word met dieselfde respek in die Parlement hanteer as wat regterlike presedente in howe hanteer word. Die hoof algemene eienskap van praktyk is om voorsiening te maak vir die geleentheid vir debatsvoering en om toe te sien dat besluite nie sonder breedvoerige oorweging geneem word nie.

Staande reëls en orders

Staande reëls en orders is die tweede hoofbegronding vir prosedure en het ten doel om die hantering van sake in die Huis te bespoedig. Die staande reëls word deur die Huis (by wyse van die Reëlskomitee) opgestel en kan gewysig of herroep word.

Beslissings van die Stoel

Beslissings van die Stoel word gegee in reaksie op punte van orde wat in debatte geopper word en sulke beslissings is die belangrikste bron vir moderne praktyk. Beslissings van die Stoel pas die staande reëls op nuwe gevalle toe en sulke beslissings oorbrug die gaping tussen die staande reëls en ouer praktyk.

Statute

Die gedeelte van prosedure wat sy gesag van statute verkry, is relatief klein. 'n Voorbeeld hiervan is die spesiale meerderheid wat vereis word om die Grondwet van die Wes-Kaap te wysig.

Posbus 648, Kaapstad
8000, Suid-Afrika

PO Box 648, Cape Town
8000, South Africa

PO Box 648, Ekapa
8000, Mzantsi Afrika

www.wcpp.gov.za
+27 21 487 1600